

## Bedienaar van die ware verbondstent

Heb 8:1-5

14 Augustus 2022

1. Heb 7: Die priesterorde van Melgisedek is meer verhewe en effektief as die Levitiese priesterorde – kan wel volmaaktheid bewerk. Die Seun se Hoëpriesterskap is met 'n eed deur God bevestig, en so het Hy die Borg van 'n beter verbond geword.
2. Heb 8:1-5 handel oor die Seun wat Bedienaar is van die ware verbondstent.
3. Ons het so 'n Hoëpriester (v1)
  - a. 'n Hoëpriester wat voldoen aan Heb 7:26-28 se beskrywing
  - b. Hy sit aan die regterkant van die troon van die Majesteit (Vader) in die hemel (vgl Heb 1:3, 12;2)
4. Bedienaar van die ware verbondstent (v2-5)
  - a. Ware Hoëpriester is Bedienaar terwyl Hy in die hemel is (v2)
    - i. Alhoewel Hy alreeds soveel op aarde vermag het, bedien Hy steeds
    - ii. Alhoewel Hy die ware Priesterkoning is, bedien Hy steeds
  - b. Hy is Bedienaar in die heiligdom, oftewel die ware verbondstent (v2)
  - c. Interpretasies wat al voorgestel is oor betekenis van “ware verbondstent”:
    - i. Liggaam van die Here Jesus (Joh 1:14, 2 Kor 5:1)
    - ii. Kerk (1 Kor 3:17, 1 Pet 2:5)
    - iii. Gees van individuele gelowige
  - d. Twee Verbondstente: (v2,4,5)
    - i. Ware Verbondstent: deur God opgerig, ware Hoëpriester doen diens
    - ii. Skadubeeld Verbondstent: deur Moses (in opdrag van God) opgerig, Levitiese priesters doen diens (vgl Eks 25:40, 39:32, 42-43)
  - e. Skadubeeld verbondstent vs ware verbondstent
    - i. Offers op brandofferaltaar vs eenmalige, effektiewe offer van ware Hoëpriester
    - ii. Priesters was in waskom vs gelowiges was in bloed van ware Hoëpriester
    - iii. Lampstaander vs ware Hoëpriester is die Lig
    - iv. Tafel met toonbrode vs ware Hoëpriester is die brood van die lewe
    - v. Wierookaltaar vs gebede van gelowiges
    - vi. Allerheiligste met verbondsark is voetbank van God se troon vs Hoëpriester is in die hemel op die troon saam met God
    - vii. Groot Versoendag: Hoëpriester gaan twee maal deur voorhangsel met bloed (van bul en bok) en wierook vs ware Hoëpriester gaan net een maal in met eie bloed (en wierook), en die voorhangsel skeur
  - f. Ware verbondstent verwys na die Hoëpriesterlike werk van die Seun – gedeeltelik op aarde, gedeeltelik in hemel
  - g. Hoe is die ware Hoëpriester Bedienaar in die hemel?
    - i. Leer gelowiges deur Heilige Gees om in Lig te wandel en ware Boord te eet
    - ii. Wierook styg saam met gebede op (Op 8:4) – ware Hoëpriester pleit / tree in vir gelowiges (Rom 8:33-34, Heb 7:25) (Heilige Gees bid ook – Rom 8:26-27)
    - iii. Lei ons na volmaaktheid en tree vir ons in (in samewerking met Heilige Gees)
    - iv. Aan die einde van ons aardse lewens, neem Hy ons deur geskeurde voorhangsel in die Allerheiligste van ware verbondstent in, waar God se troon is